STELLASTRAAT BLITSNUUS – 15 Mei 2020

LIEWE STELLASTRATERS,

ONRUS ÉN KARAKTER BLOM!

Onrus blom. Dié wat beweer dat onrus nie by hulle te vind is nie, mislei hulleself. Daar is al hoe meer stemme wat sê die grendel-lewe raak nou te lank. Ons begin senuwee-agtig raak. Gaan lewe weer word soos ons dit geken het? Wat word bedoel met die 'nuwe normaal'?

Dit is nie net ekonomie wat in die aansig van groeiende onrus ineenkrimp nie, dit is ook ons selfversekerdheid, ons doelgerigtheid, ons vermoë om dinge te laat gebeur, wat pê raak.

Wat is die krag wat geloof of godsdiens 'n mens gee terwyl onrus besig is om jou te oorweldig? Dit is in tye soos dié dat die mens se ware karakter na vore kom. Die gelouterde christen sit sy arms om ander. Gee om vir minderes. Die weerloses van jou groep word prominent in jou denke. "Egte godsdiens", het Jesus gesê, "is om die weduwees en die wees – die wat nie na hulleself kan omsien nie – te versorg". Daar is baie Stellastraters wie se geloofskarakter in hierdie dae groter blom as die onrus.

Onthou asseblief jy kan enige tyd enige een van ons leraars kontak.

Liefde Fay, James, Anton en 10ni.

OORDENKINGS VIR DIE WEEK 17 - 23 MEI

Baie dankie vir die verskillende benaminge wat julle ingestuur het soos "Tuis-diens"; "Familie-kuier" ens. Op die oomblik hou ons maar nog by "***Weeklikse oordenkings".*** Hierdie week is dit Anton se beurt. As leraars wil ons julle maar net weer herinner dat om voor 'n kamera op te tree, is nie vir ons maklik of gemaklik nie. So verskoon asseblief ons onbeholpenheid maar weet dat die passie om oor die Woord na te dink, nog steeds daar is.

Van hierdie week af sluit die **Kleuterkerk-oordenking** by die junior jeuggroepe (voor-skool tot en met Gr 7) se tema aan. Die **Huisgeloofvraag** sluit dan ook hierby aan. Die hele idee is dat julle as huismense (wie ook al saam met jou is) na die Kleuterkerk kyk en daaroor nadink en gesels. Julle is ook welkom om ons leraars te kontak en ons te help met wenke en voorstelle. Ons plaas ook elke week 'n video vir jongmense wat oor geloofsvrae gaan.

Die Adoramus is hierdie week deur 10ni opgestel en word so geskryf dat jy dit rustig by die huis in jou eie stiltetyd kan lees en oordink. Jy kan dit ook as 'n Bybelstudie gebruik. Hier is die skakels:

- **Weeklikse oordenking** (Anton) https://youtu.be/qD_OLnFChT0
    - Die tema is "Hoe lyk ons toekoms?" en die teks kom uit Psalm 137.
- **Kleuterkerk** (Marina en Fay) https://youtu.be/LD0fOXRoaxg
    - Die tema is "Daniel se vriende op die "hot-spot" (Dan 3:22-30).
- **Huisgeloofgesprek** wat saam met die Kleuterkerk se tema gaan:
    - Gesels as gesin oor:
        - "Sekerlik was ons almal al een of ander tyd op/in "hot spot" – die keer waar jy 'n keuse moes maak of jy vir die Here gaan opstaan of nie. Deel julle verhale met mekaar".
- **Tuis-Adoramus** (10ni) http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-17-Mei.pdf
    - Die teks is Jh 14:15-21 en 23-26 en die tema is "Liefde is die taal van die hart wat met die ore gehoor word".
- **Video vir jongmense**: https://youtu.be/_HSzGNwslFQ

HEMELVAART DONDERDAG 21 MEI

Jesus het sy dissipels met die woorde getroos ***"Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie" (Joh 14:18).*** Ons sal Donderdag vir julle 'n skakel stuur wat jou sal help om oor Hemelvaart na te dink.

DIE GROOT GEZOOM

Dez en Dawn Lindberg het jare terug 'n liedjie gesing "Die gezoom van die bye". Die grendeltyd laat 'n mens nogal weer aan daardie tyd terugdink – bloot omdat Zoom nou 'n buzz-woord geword het. Dit stel groepe instaat om mekaar te sien en te kan gesels. Die groepleiers maak ook nou hiervan gebruik om die verskillende jeuggroepe te betrek om oor geloofskwessies na te dink. Ons is baie dankbaar vir elke groepleier wat met soveel liefde en energie met die jongmense kontak maak en kontak hou. Indien daar by jou jongmense is met wie ons nog nie kontak het nie, kontak asseblief enige van ons leraars.

Hierdie Sondag (17 Mei) gebruik die **juniors** Daniël se inperking om oor ons eie inperking na te dink. Dit is dan ook die tema van die Kleuterkerk. Hulle tema is "Daniël se vriende op die hotspot" (Dan 3:22-30). Die **seniors** gaan weer 'n vasvra hou, en hierdie keer gaan dit oor "Wat doen die Covid-19 aan jou?". Onthou daar is vir die tieners 'n video oor geloofsvrae (sien skakel hierbo).

STELLASTRAAT MAAK 'N VERSKIL – WAAR ELKEEN 'N VERSKIL KAN MAAK

Wat 'n voorreg om steeds in hierdie tyd 'n verskil in mense se lewens te kan maak. Dankie aan elke Stellastrater wat ons uitreikprojekte op verskeie wyses in hierdie tyd ondersteun. Stellastraat het weer laas week aan die 25 manne, wat tydens die grendeltydperk by **St Wilfrid's Anglikaanse** kerk gehuisves word, aandetes verskaf. Ons gaan vorentoe elke tweede week vir die aandetes verantwoordelikheid neem. Ons is vanaf Maandag, 18 Mei tot Sondag 24 Mei, weer aan die beurt. Een-skottelgeregte werk maklik. Indien die etes in wegdoenbare aluminiumbakke gemaak kan word nog beter. Die kos sal om 16:30 by jou huis opgelaai word. Indien jy kans sien om op jou eie, of saam met vriende of 'n omgeegroep, vir 'n aand se kos verantwoordelikheid wil neem, kontak asseblief vir Fay.

Die CMR (Christelike Maatskaplike Raad) is die NG Kerk se maatskaplike diens en lewer al 84 jaar lank broodnodige maatskaplike dienste in gemeenskappe. Hulle benodig tans dringend kospakkies vir 40 gesinne (73 volwassenes en 67 kinders) in die Moot omgewing. Daar is ook in Derdepoort en Daspoort behoefte aan doeke (0-3 maande en nommer 3 en 5) en formule melk (Infacare nr 3), asook warm klere vir 'n twee-jarige seuntjie. Indien jy met enige van die bogenoemde kan help kontak vir Fay. Om 'n finansiële bydra te maak merk asseblief jou inbetaling ***"uitreik CMR"***.

Twee van Stellastraat se jongvolwasse omgeegroepe het die week saamgespan om aan 23 gesinne elk 'n 12,5kg pak mieliemeel te skenk. Die mieliemeel is saam met geskenkte kruideniersware in kospakkies opgemaak en in samewerking met die predikante van **Mamelodi-Oos** en **Stellastraat Faith Community** by die gesinne besorg.

Fay het ook hierdie week 'n vrag kruideniersware by **Harmonie-Oord** en **Bethesda drop-inn centre** afgelaai. 'n Hele kattebak vol babaklere en -produkte is ook by die CMR se kantore afgelaai. Loer gerus na die gemeente se Instagram of Facebookblad vir foto's en inligting rondom ons uitreikprojekte in hierdie tyd. Weereens dankie vir elkeen se skenkings.

As jy in hierdie tyd van inperking by enige van Stellastraat se **Uitreikprojekte** wil betrokke raak, kontak gerus vir Fay (083 478 0854). Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak, merk asseblief jou inbetaling as ***"Uitreik Covid 19".***

Ons wil graag help – so as daar enige iemand is wat hulp nodig het, moet asseblief nie huiwer om enige van die leraars te kontak nie. As jy van iemand weet wat swaarkry, laat weet ons asseblief sodat ons kan planne maak hoe om te help.

ONS DINK AAN

- Leon Herbst van Mainstraat 237 wat tuis versorg word en baie siek is.
- At Dryer van Firwoodlaan 31 wat Maandag vir 'n operasie opgeneem sou word maar is ongelukkig Sondagaand by die huis aangeval en aangerand.
- Quintus Pelser van Chappieslaan 330A wie se suster oorlede is.
- Thys Wessels wie se Ma Jennie Wessels oorlede is.

KERKBODE KAN NOU DIGITAAL GELEES WORD

Die Kerkbode -app is vir Apple- en Android-fone beskikbaar. Laai die app gratis af by die relevante skakel hieronder:

- https://play.google.com/store/apps/details?id=za.co.christians.kerkbode
- https://apps.apple.com/za/app/kerkbode/id1152476543

Jy kan ook nou die Kerkbode soos 'n e-koerant lees. Hy lyk soos 'n koerant en hy blaai soos 'n koerant, maar jy kan nie jou braairooster met hom skoonmaak nie. Dit is die sogenaamde e-koerant of pdf-koerant. By die webskakel hieronder lê die twee mees onlangse uitgawes. Die nuwe uitgawes sal ook daar verskyn, so hou gerus daardie skakel iewers byderhand:

- https://kerkbode.christians.co.za/e-koerant/

VERJAARSDAE (17-23 Mei)

- **Sondag 17 Mei**: Marius Fischer, Michiel Myburgh, Nina Stone, Peet Uys, Casey Wilken.
- **Maandag 18 Mei:** Udo Böhmer, Anne-Marie Coetzee, Minke Kruger.

- **Dinsdag 19 Mei**: Daniël Cronje, Zanne Massyn, Carmen Moen, Marcus Moen, Estelle Nel, Marlese Nel, Joke Nicol, Chantal Olckers, Marizanne Olivier, Magda van Graan.
- **Woensdag 20 Mei**: Marlene Burger, Ina Güldenpfennig, Jurie Kok, Liam Labuschagne, Tinus Maritz, Francis van Aardt.
- **Donderdag 21 Mei:** Pop Dodd, Suré Fischer, Johan Hefer, Henry Jordaan, Ray Leonhardt, Adriaan Odendaal, Tania Shawe, Esther van Kerken, Danél van Tonder, Sakkie Venter.
- **Vrydag 22 Mei:** Gerda Dreyer, Anje Kellerman, Hedré Kleynhans, Christian Maree, Lucille Reyneke, George Rogers, Cara Rossouw, Maegan Roux, Jeanine Uys.
- **Saterdag 23 Mei**: Charlotte Bosman, Robert Crowther, Hannes Gresse, Luzanne Teichert, Willem Wannenburg.

STELLASTRAAT SE WEBBLAD

Onthou jy kan enige tyd inligting oor die gemeente en die skakels na die Weeklikse Oordenkings op ons webblad kry. Gaan gerus na www.stellastraat.co.za

STELLASTRAAT SE BANKBESONDERHEDE

- **NG Gemeente Suidoos-Pretoria**
- ABSA (Takkode 632 005)
- Rek: 540 580 022

STELLASTRAATGROETE